NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg Jeugkampterrein**: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

**13 Januarie 2023: Nr 01/2023**

## Warmnuus

- **Nuwejaar:** Dewyk Ungerer (moderator) skryf:

"Beste Kollega, kerkraad en gemeentes van die Noordelike Sinode,

Nuwejaarsoggend - 1 Januarie 2023 - sit ons as gesin (al my kinders, kleinkinders en my 86-jarige moeder) vir die eerste keer in baie jare saam om die ontbyttafel. My seun vra toe wat elkeen se nuwejaarsvoorneme vir 2023 is. Hy maak graag tuisvideo's en wil graag elkeen se voorneme digitaal vaslê.

Skielik moet jy dink – 'n voorneme wat jy 365 dae moet kan volhou. Ek kon nie anders as om dadelik te reageer nie. My 2023-voorneme is om elke dag met HOOP - nuwe Hoop - te leef. En om so te leef dat ander ook die Hoop in my kan sien.

Kort daarna lees ek die volgende op sosiale media en besef dit is hoekom my voorneme is om met Hoop te leef:

Hoop is die wete dat
- elke dag 'n nuwe begin is;
- niks vir altyd is nie;
- dit vasbyt is en nie-moed-opgee nie;
- die verwagting skep van iets goeds wat voorlê;
- dit 'n realiteit is wat ons op die toekoms laat vertrou;
- dit jou krag gee om enige struikelblok te oorkom;
- jy nooit weet of dit waarop jy hoop gaan realiseer nie, maar jy klou steeds daaraan vas. JY MOET!

Mag jy nooit hopeloos voel en wees nie.

Hierdie jaar is ook die jaar van die Wêreldbeker Rugby. Kom ons leer 'n les uit die sportwêreld: jy kan net wen as jy punte aanteken en speel tot die eindfluitjie blaas. Dit is my bede vir jou. Ek en jy kan net hierdie wonderlike jaar wen as ons punte aanteken. Mag jy hierdie jaar elke doel wat jy gestel het verwesenlik, mag elke droom waar word en mag elke wens vleuels kry.

Elkeen van ons se grootste droom is om voorspoedig te wees. Ek deel met jou 'n stukkie uit die biografie van Koning Hiskia oor sy voorspoed en sukses:
*"20 So het Hiskia dwarsdeur Juda gedoen. Hy het gedoen wat goed en reg en eerbaar is in die oë van die Here sy God. 21 In alles wat hy onderneem het ter bevordering van die tempeldiens en die gehoorsaamheid aan wet en gebod, het hy met sy hele hart gevra na die wil van sy God, en daarom was hy voorspoedig."* (2 Kronieke 31:20-21)

Mag hierdie verse ook in jou biografie van 2023 geskrywe word.

**'n Wonderlike en geseënde jaar word elkeen van julle toegebid.**

Ek bid dat jy – kollega; kerkraad, lidmaat van hierdie mooi land in hierdie jaar onvoorwaardelik sal glo en bely – maar ook uitleef – dit waarmee Paulus sy liefdesbrief vir die gemeente in Korinte afsluit (I Korintiërs 13:13):

*En nou: Geloof, hoop en liefde bly,*
*Hierdie drie,*
*En die grootste hiervan is die liefde!*

## ❖ Videos: Sinodesitting

Hiermee die videos wat reeds op YouTube beskikbaar is. Die uitstaande videos sal met verloop van tyd ook op hierdie kanaal [**kliek hier**] beskikbaar wees.
** Amptelike opening te Nylstroom-Oos – **kliek hier**. * Andrew Kok – **kliek hier**;*
** Barend la Grange – **kliek hier**. * Fanie Cronjé – **kliek hier**.*
** Jannie Rossouw – **kliek hier**; * Pierre Joubert – **kliek hier**.*
** Roland Henwood – **kliek hier**; * Theuns Eloff – **kliek hier**.*

Met groot dank aan Pastors of Sound, Audio Visuele diensverksaffer. Hulle is beskikbaar indien daar enige tegniese hulp of bystand / advies benodig word. Kontak Christo du Plessis 082 902 1281.

## ❖ Sinodehuis

**Hoe kontak iemand die Sinodehuis?** Soos voorheen reeds in die Verskil bekend gemaak het ons **NIE MEER** 'n ***landlyn*** nie!
Kontak die personeel, gedurende kantoorure [Ma-Vr: 08:00-16:00] op die volgende selnommers of stuur vir hulle 'n epos:
* Kommunikasiebeampte: Hermien Swart, hermien@noordsin.co.za, 072 222 6360.
* Finansiele beampte: Sandra Grobler, sandra@noordsin.co.za, 079 527 2684.
* Rekenmeester: Naomi van Wyk, naomi@noordsin.co.za, 082 640 1893 [slegs tot April 2023].
* Saakgelastigde: Rehan Rheeder, rehan@noordsin.co.za, 083 288 7756.
* Direkteur: Paul Grobler, paul@noordsin.co.za, 082 653 5734.

# Sinodenuus

## ❖ Universiteitsoord Eerstejaarskamp

*30 Januarie - 3 Februarie 2023.*

**Sluitingsdatum vir inskrywings**:
* Aanlyn-inskrywings sluit Sondag *29 Januarie* om 17:00.
* Jy kan ook Maandag 30 Januarie by die kerk kom inskryf tussen 8:00 en 10:00.

Lees al die besonderhede hier: https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

## ❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag *17Januarie:* Lees uit **Jesaja 8:22 tot 9:20**
Die skakel vir *Ou Testament-lesings* is:
https://us02web.zoom.us/j/81788166700?pwd=WEp2ekxFeE5vWjM5cUN3Tno2djlDQT09
Meeting ID: 817 8816 6700
Passcode: 029536
Kontak *Fanie Cronjé* [083 415 1452] of *Kobus Myburg* [083 415 1452] vir meer inligting.

# Kollega- en ander personeelnuus

## ❖ Bevestiging

**<<< Kobus Sandenbergh** [emeritus en voorheen van Weltevredenpark] het die beroep as brugleraar na **Sesmylspruit** aanvaar. Sy bevesting vind op *15 Januarie* om 09:00 plaas.

**>>> Heinrich Stapelberg** het die beroep na **Overkruin** aanvaar. Sy bevestiging vind op *22 Januarie* om 9:00 plaas.

## ❖ Emeritaat

**Alkmaar Swart** [Magalieskruin] emeriteer. Sy afskeidspreek vind op *29 Januarie* om 9:30 plaas.

## ❖ Hospitaal:

* **Ansa Ungerer** [Eggenote van Dewyk van Raslouw] was in die hospitaal.
* **Jessica Pretorius** [Eggenote van Willem van Rustenburg-Proteapark] ontvang tans kankerbehandeling.

## ❖ Verjaarsdagwense

14/01 Michiel van der Merwe [Pretoria/Stabilis]
17/01 Tiaan van Niekerk [Rietfontein-Noord]
19/01 Fritz Snyman [Universiteitsoord]
Toon van der Merwe [Emeritus]
Paul du Toit [Emeritus]
Fanie Scheepers [Emeritus]
---
11/01 Suzette Burger [Eggenote van Corné, Louis Trichardt]
15/01 Vera Viviers [Eggenote van Abraham, Waterberg]
16/01 Marlisa Burger [Eggenote van Paulus, Pretoria-Oos]
17/01 Jukie de Vos [Eggenote van Wouter, Wonderboompoort]
Anina Schunke [Eggenote van Carl, Koedoesrand]

# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae

Doornpoort [13/01/1990]

## ❖ Montana en Overkruin

**Gesamentelike Seminaar**
**Tema**: **Bestuur ALLEENHEID én EENSAAMHEID tot HEIL-saamheid deur jou hele lewe**
**Spreker**: Stephan Joubert
**Wanneer**: *21 Januarie 2023* [09:00-12:00)
**Toegang**: 'n Donasie
**Kontak**: Kerkkantoor 012 534 3377

## ❖ SA Gemeente

**Die SA Gemeente in Engeland bied 'n tuiste vir wêreldreisigers:** **Kliek hier** om die artikel te lees wat in die Kerkbode verkyn het.

# Toerusting

## ❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Jaarprogram vir 2023: kliek hier.** **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

*Excelsus Lentekonferensie* 19 – 21 September 2023. VBO: 30 punte – **Teken hierdie datum aan.**

*Dink nuut oor jou bediening (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)* – **Kliek hier** vir die inligting
**Tema**: **"Wat sê Die Drie-enige God oor ons roeping".** **Aanbieder**: Leon Westhof. Aanlyn per zoom
**Datum**: 6 Febr. (08:30 – 16:30), 13 Febr. (08:30 – 16:30), 20 Febr. (08:30 – 13:00)
**Inskrywing:** https://forms.gle/gxabnmXTyiaksyCS8
**Sluitingsdatum**: *2 Februarie;* **VBO**: 30 punte

*Die jaar van God se genade* – **Kliek hier** vir die inligting
**Tema**: **Lydenstyd**. **Aanbieder:** André Bartlett. Aanlynaanbieding
**Datum**: 8 & 9 Febr. (08:30-16:30)
**Inskrywing**: https://forms.gle/4sYSh3YvXEtXzuyh9
**Sluitingsdatum**: *6 Februarie;* **VBO**: 20 punte

# Ander nuus




## ❖ Christelike Lektuurfonds

**Boekbekendstelling:** *23 Januarie* 10:30. Skuilkrans Gemeente (Jan Albertstraat 1, Val de Grace, Pretoria). Johan van der Merwe van UP voer die gesprek met die skrywer. RSVP: voor of op 18 Januarie by Caro by 012-804 7787 / caro.skuilkrans@gmail.com.

## ❖ Vakatures

**Kerkbode:** **Kliek hier** vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Stellastraat: Voltydse Leraarspos -** Die gemeente is geleë in die ou Ooste van Pretoria, wat Menlopark, Ashlea Gardens, Maroelana, dele van Waterkloof, Waterkloofhoogte, Newlands en Brooklyn insluit. Daar het die laaste paar jaar redelike groot demografiese veranderinge binne die gemeentegrense van Stellastraat plaasgevind, en die proses is voortgaande. Volgens die databasis van die gemeente is daar tans 3220 lidmate - waarvan 'n beduidende persentasie onder 35 is.
**Aansoeke**: Belangstellendes, gaan asseblief na die volgende skakel vir inligting oor wat van aansoekers verlang word: https: //kerkbode.christians.co.za/2022/11/25/ng-gemeente-stellastraat/. Voornemende aansoekers wat meer inligting wil bekom, kan enige tyd een van die vier huidige leraars of die administratiewe bestuurder, Malan Nel, *malannelup@gmail.com* kontak. **Kliek hier** vir die volledige advertensie. **Aansoeke sluit *22 Januarie*.**

**Môregloed: Leraarspos [vastetermyn 3 jaar] -** Die gemeente is 'n tipiese voorstedelike gemeente in die Noord-Oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat gedurende November 1958 tot stand gekom het en tans uit ongeveer 260 belydende en 38 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar.
**Kliek hier** vir die volledige advertensie. **Aansoeke sluit op *31 Januarie* om 00h00**.

**SA Gemeente**: **Voltydse leraar [5 jaar kontrak]** - Die gemeente in die Verenigde Koninkryk het 'n vakature en beroep 'n leraar met ingang *1 Oktober 2023* vir 'n vyfjaarkontrak met die opsie van verlenging vir 'n volgende vyf jaar. Die gemeente wil graag "'n geestelike tuiste vir wêreldreisigers" wees. [**Kliek hier** vir die volle advertensie]
**Sperdatum vir aansoeke: *28 Februarie***. Sien die riglyne vir aansoeke op die webblad: www.sagemeente.com

# Naskrif